Beste
Hartlik welkom by die huisbyeenkoms! Dit is by:
NAAM:
ADRES:
TYD:

Vernuwing

Geloofsgroei 2019

Die **orde van die byeenkoms** illustreer ons **visie**:

- ◊ **OMGEE**: sê hallo, hoor lief/leed.
- ◊ **VIER EVANGELIE**: lofprysing
- ◊ **WANDEL MET GOD**: ons lees die Bybel en ontdek wat Gods wil is
- ◊ **VERANDER OMGEWING**: ons bid vir die wêreld en besluit dalk op 'n projek

VERNUWING en die WIL (WET) van die HERE

I OMGEE: groet mekaar

II VIER EVANGELIE: ons sing 'n lied of doen 'n lofprysingsgebed

III WANDEL MET GOD: ons lees die Bybel en bespreek die wykskets.

OM OOR TE DINK

Verlede keer het ons gesels oor vernuwing en navolging van Christus. Om Christus na te volg beteken nie om Hom na te aap nie - nie met 'n uiterlike daad of met 'n innerlike gesindheid nie. 'n Nagebootste uiterlike daad raak oppervlakkig. 'n Nagebootste innerlike gesindheid kan maklik wetties en verdienstelik raak. Egte navolging gebeur eerder vanuit 'n **lewende verhouding** met Christus. Vanuit so 'n verhouding word ons **vernuwe: ons vertoon al meer die beeld van Jesus.**

Maar nou is daar 'n **PROBLEEM**. Dit kan gebeur dat mense roem op hulle "lewende verhouding" met Jesus ... maar hulle lewe skree daarteen. Is daar 'n **kontrole**? Hoe kan ons weet dat iemand se verhouding met die Here eg is en nie sommer die persoon se verbeelding nie? Of dat mense ons nie dalk om die bos lei met vroom woorde nie? En hoe kan ons dit weet van onsself?

Jesus sê 'n mens kan **onderskei** tussen die valse en ware profete. "Aan hulle **vrugte** sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan dissels? Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte." (Mat 7:16-17). Die vrug is **liefde**. Wat liefde is, kan ons sien in die **eise van die wet** of die **wil** van die Here. Hoe liefde lyk, kan ons sien in Jesus se se gesindheid en optrede.

Kortom:

- Om Christus na te volg, beteken om in 'n **lewende verhouding met Hom te leef.**
- Die **toets** of 'n mens regtig in 'n lewende verhouding met Christus leef, lê in die **strewe** en **worsteling** om die **wil of wet van die Here** uit te leef.

Mense wat regtig in 'n lewende verhouding met die Here leef, streef om die wet na te kom. Die wet is immers **God se tien reëls wat sy hartklop aan ons uitwys.** Jesus kom wys ons hoe die Vaderhart lyk - vol genade en waarheid. 'n Hart met **respek** vir God en **deernis** teenoor mense.

Geen wonder dat **Jesus** sê: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het." (Joh 13:35/ 1933 vertaling) Of ook die denker **AE Loen** se opmerking: ***"God lê sy oor in ons naaste om daar ons antwoord aan Hom te verneem."***

LEES: Matteus 25:31-46

OM OOR TE GESELS

1 Gesels oor wat julle getref het in die teksgedeelte (en ook in die wykskets).
2 Volgens die teks het die Koning in die eindoordeel slegs een kontrole: "Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Beteken dit geloof is onnodig? Beteken dit 'n bloot humanistiese goeddoen aan ander verskaf aan jou die ewige lewe?
3 BESPREEK Loen se stelling hierbo.

IV VERANDER OMGEWING:

- Ons **bid** vir die wêreld (sien die Gebedslys op die Aankondiginge en OmgeeNuus);
- Ons **besluit op 'n projek** (Sien die lys met moontlike projekte van die *Kommissie vir Diens van Barmhartigheid).*